Official Newsletter for people living or working on farms, by the Women on Farms Project

PlaasFokus

Edition 1 August 2005

Welkom

Ons wil vir julle baie welkom sê in die eerste uitgawe van Plaasfokus 05. In hierdie blaadjie ons meer wil hoor van die Vroue op Plase-projek & Sikhula Sonke. Jy kan meer lees oor die werk wat hulle doen, en wat hulle lede dink. Almal wat met plase te doen het en op plase werk, kan sê hoe hulle voel.

Ons hoop dat julle sal hou van die stories wat julle hier gaan lees. Laat weet asb vir ons wat julle dink.

Waarom praat ons oor grond?

Lank gelede en onder apartheid is swart Suid-Afrikaners gedwing om weg te trek en blanke mense het op hulle grond gaan bly. Miljoene swart Suid-Afrikaners in stede en op die platteland het hulle grond en reg om grond te besit, verloor. Wette is gemaak sodat apartheid ook bepaal het wie mag grond besit. Grond is baie belangrik in ons land, veral vir mense wat nie meer grond besit nie.

deur Nandi Mgijima

Die manier waarop grond verdeel word, is verdraai. Dit moet reggestel word sodat mense nie meer so arm hoef te wees nie. Dit sal help dat grond beter gebruik word, dat mense ekonomies kan ontwikkel, en dat mense gehelp word om grond te besit. Waar jy woon en waarvoor jy jou grond gebruik, help mense om beter oor hulself te voel, en dit versterk jou geestelike en kultuurgevoel.

DIE PROVINSIALE GRONDBERAAD

Die Wes-Kaapse Departement van Grondsake, die Departement van Landbou, die Streeks- en Eisekommissie het die Wes-Kaapse Grondberaad saam met nog mense wat betrokke is, beplan. Mense uit die gemeenskap, werkers, besigheidsmense en grondeisers is uitgenooi. Die Beraad is op 18 Julie 2005 by Goudin Spa op Worcester gehou. Almal kon sê wat hulle dink. Dit was deel van die viering van die Freedom Charter. Daar is ook weer gekyk hoe om landbougrond aan mense te gee. Almal wat betrokke is, kon saamgesels oor

►►►

INHOUD

Die Grondberaad 2
die Provinsiale Grondberaad
besluite van die Nasionale Grondberaad
Die ontwikkeling van vroueplaaswerkers se regte 3
hersiening van minimum lone

Sikhula Sonke Ontwikkelings ... 4 – 5
van die veld tot by parlement ... 6

Geweld en alkohol ... 6
Maatskaplike Dienste ... 6

JY en JOU REGTE 7

KONTAKBESONDERHEDE

PLAAS FOCUS: kommentaar en bydraes.
32 Four Oaks, Corner of Bird and Molteno Streets, Stellenbosch, 7600
e-mail: nandi@wfp.org.za
PO Box 530, Stellenbosch 7599
Tel: 021 887 2960, Fax: 021 887 2963

moeilike dinge en hoe om grondhervorming te laat slaag.

Die mense wat aan die Beraad deelgeneem het, het belangrike dinge gesê. ***Sarah Claasen,*** die voorsitter van ***Sikhula Sonke,*** het die mense vertel hoe plaaswerkers leef en ook van grondhervorming gepraat. Sy het gesê plaaswerkers weet van die wette oor afsetting van plase, maar dat afsettings al hoe meer gebeur. Sy het gesê die wette is gemaak, maar niemand kyk dat dit reg toegepas word nie. Sy het nog nooit gehoor van ? boer wat die nag in die selle moes bly omdat hy die wette oortree het nie, maar daar is baie plaaswerkers wat baie nagte in die selle moet bly omdat die boer gedink het hulle is ? oorlas.

Sy het gesê baie plaaswerkers weet nie eens wat grondhervorming is nie en kan tog nie iets eis waarvan hulle nie weet nie. Sy het gepraat van die behoeftes van vroueplaaswerkers en die probleme waarmee hulle te doen kry.

"Vrouewerkers word minder beskerm en daar word baie op plase teen hulle gediskrimineer by die werk". Huise is steeds in die name van manswerkers; die meeste vroueplaaswerkers behoort nie aan vakbonde nie; vroue kry gewoonlik nie vaste werk en voordele nie, het sy gesê. "Ons wil grond vir behuising hê en dit moet in ons name wees; ons wil grond hê waarop ons kan boer om ons kinders kos te gee. Sy het gesê die meeste grond in die Wes-Kaap word vir kommersiële landbou gebruik, en wanneer blanke kommersiële boere by grondhervorming betrokke raak, stoot hulle pryse op. Ten slotte het sy die regering gevra om weer na grondhervorming te kyk en dit vinniger te laat gebeur.

Besluite van die Nasionale Grondberaad

Die Alliance of Land and Agrarian Reform Movements (ALARM), ? groep nie-regeringsorganisasies (waarvan die Vroue op Plase-projek lid is) wat grondregte bevorder, het vir die regering gesê grondhervorming in die land moet vinniger gebeur. Hier is die besluite wat geneem is by die Beraad wat van 27 – 30 Julie by Nasrec Johannesburg gehou is:

- **Kyk weer na idee van "wil koop, wil verkoop"**
  Die idee van "wil koop, wil verkoop" beteken die regering sal net grond koop om vir ander mense te gee as die persoon wie se grond dit is, die grond wil verkoop. Dit beteken ook die regering sal vir die gron betaal wat enige iemand anders wat dit wil koop, sou betaal. Baie mense sê hierdie idee laat grondhervorming te stadig gebeur.
- **Laat sekere mense toe om nou grond op te eis**
  Dit sal sekere groepe mense wat die eerste keer nie betyds grtond kon eis nie, toelaat om dit nou te doen.
- **Kyk na ? bepaling in die Grondwet om die reg van mense wat nie grond besit nie, om op leë grond te gaan woon, te beskerm.**

Die ontwikkeling van vroueplaaswerkers se regte

HERSIENING VAN MINIMUM LONE – DEUR LEVURN JACOBS

"Beter diensvoorwaardes vir plaaswerkers"

Agtergrond:

Die Sektorale Vassteling of die Minimum Lone (soos die meeste van ons dit noem) is ? wet wat spesifiek handel oor plaaswerkers se minimum lone en minimum basiese diensvoorwaardes. Hierdie Wet is op 2 Desember 2002 deur die Minister van Arbeid Membathisi Mdadlana afgekondig en het op 1 Maart 2003 in werking getree.

Na die aankondiging het sekere werkgewersorganisasies soos Agri Suid-Afrika vir die Minister gesê van dinge in die Wet wat hulle bekommer. Hulle het onder andere gesê dat hulle nie die minimum loon kan bekostig nie en dat baie plaaswerkers hulle werk gaan verloor.

Die Minister het daarna die Kommissie vir Diensvoorwaardes aangesê om weer na die volgende kwessies te kyk:

- Afbakening van grense, met ander woorde die verdeling van area A en area B;
- Die waarde van aftrekkings vir kos en behuising;
- Die 27 uur-bepaling;
- Die impak van "labour tenants" op plase;
- Weiveld en lewende hawe.

Baie plaaswerkers, plaaswerkerunies, organisasies wat met plaaswerkers werk, en boere het hulle menings vir die Kommissie vir Diensvoorwaardes gegee.

Die plaaswerkers voel sterk dat daar weggedoen moet word met area A en area B. Almal voel dat plaaswerk harde werk is en dit nie saak maak in watter area jy is nie. Daar is gevra dat die minimum loon van R949.58 vir area A en R785.79 vir area B verhoog moet word na ten minste R1 200,00 vir alle plaaswerkers. Geen aftrekkings mag van die werkers se loon gedoen word nie. Baie van die werkers het ook gevra dat daar meer na vrouens se posisie gekyk moet word, omdat vrouewerkers nog steeds die swaarste kry. Hulle doen dieselfde werk as mans, maar in baie gevalle kry hulle minder geld. Vrouens het ook nie onafhanklike toegang tot behuising nie. In baie gevalle kry die vrouens nie betaling vir siekverlof nie.

Die werkgewersorganisasies stem ook saam dat daar weggedoen moet word met area A en area B, maar voel dat alle werkers die loon van area B moet kry van R785.79. Hulle voel verder dat die aftrekking wat hulle vir behuising doen, ook te min is. Hulle redes is die huidige droogtes, oorskot van wyn, en hoë arbeidskostes.

Die Kommissie het nou ? verslag opgestel wat eers met die verskillende organisasies bespreek sal word en dan met die Minister.

Ons hoop dat die aanbevelings plaaswerkers se posisie in landbou sal verbeter. Indien nie, sal ons moet saamstaan om seker te maak dat die posisie van plaaswerkers verbeter.

Minimum lone vir Plaaswerkers Van 1 Maart 2005 – 28 Februarie 2006

Stadsgebiede/ Area A	Uurtarief	Dagtarief	Weeklikse tarief	Maandtarief
	R4,87	R43,83	R219,15	R949,58
	(Overberg, Boland, Drakenstein en dele van Ceres)			
Landelike gebiede/ Area B	**Uurtarief**	**Dagtarief**	**Weeklikse tarief**	**Maandtarief**
	R4,03	R36,27	R181,35	R785,79
	(Dele van Ceres)			

Sikhula Sonke Ontwikkelings

WIE IS SIKHULA SONKE?

Sikhula Sonke is 'n lede-organisasie vir plaaswerkers, maar bevorder vroueleierskap. Die organisasie word deur die lede bestuur.

GEREELDE SPANVERGADERINGS MET ORGANISEERDERS

Ons hou Maandae beplanning- en besinningsessies en Vrydae 'n organiseringsforum wat konsentreer op opleiding en strategiese beplanning. Ons het in Maart met gereelde spanvergaderings begin. Agt spansessies is in Maart gehou, sewe in April en agt in Mei. Spanwerk is besig om geleidelik te ontwikkel en ons weet beter wat ons wil doen.

DIE HANTERING VAN SAKE WAT LEDE OPPER

In die meeste gevalle word sake geopper in die loop van organiseerders se veldwerk. In Maart het daar 14 van hierdie werkersvergaderings plaasgevind, in April 18 en in Mei 22. In dié tyd is 23 vergaderings met boere gehou, waarvan die meeste op aandrang van Sikhula Sonke plaasgevind het. (Sikhula Sonke word dus nie-amptelik as die kollektiewe bedingingsagent erken!) Die saakwerker het 37 sake in Mei aangeteken, waarby die werkgewer ook betrek is. Agt gevalle is afgehandel en die oorblywende 31 is in Junie gehanteer (sowel as heelwat nuwe sake). Enkele voorbeelde van sake wat geopper is: ontslag, huishoudelike geweld, onbillike arbeidspraktyke, uitsettings, onwettige aftrekkings, kleutergeriewe, afdankings, bestaansbeveiliging, voorsorgfonds, nie-nakoming, en verkoop van plase.

INTERAKSIE MET VERSKEIE STAATSDEPARTEMENTE

Wanneer sake gehanteer word, word daar gewoonlik met die Departemente van Maatskaplike Dienste, Arbeid en Grondsake geskakel. Daar gaan ook met munisipaliteite gepraat word oor behuising.

OP DIE NETWERK

Daar word met die Regsentrum, Regslui vir Menseregte en die Sentrum vir Landelike Regstudies geskakel. Word gehelp om aan sake te werk.

WERWING VAN LEDE

Die meerderheid werkers op plase word steeds as lede gewerf. Party nuwe plase is vir werwing geoormerk in Villiersdorp, Paarl en Wellington. Werkers van ? hele aantal plase sluit egter ook self by Sikhula Sonke aan. Daar is 2 257 lede op 101 plase. Altesaam 58% is vroue en 42% seisoens-/tydelike werkers.

SAAKWERK

deur Wendy Pekeur

Drie werkers van Wolfkloof is in April 2005 afgedank, omdat die plaas nie vir die volgende vyf jaar bedryf gaan word nie. Die werkers het onmiddellik kennisgewing gekry dat hulle afgesit gaan word. Op die plaas woon vyf gesinne; drie gesinne woon al lank daar en twee vir 'n korter tyd. Sikhula Sonke se saakwerker, Wendy Pekeur, het die werkgewer se konsultant ontmoet om te sien of daar ander behuising is. Die werkgewer soek tans huise vir dié gesinne wat al lank op die plaas woon. Hulle het alreeds vir Hester Leibrand en haar gesin 'n huis gekoop, en hulle het al ingestrek. Hulle wil ook om vir dié gesinne wat nog nie lank op die plaas is nie, huise koop. Die gesin moet net 'n huis kry wat te koop is.

Lorraine Pietersen, 'n vroueplaaswerker van Groot Simonsvlei, was op kraamverlof. Toe sy 16 Maart 2005 terugkeer werk toe, is sy deur die wynmaker ingelig dat sy nie meer in die kelder werk nie, maar dat sy in die wingerd moet gaan werk. Sy het toe nie teruggegaan werk toe nie. Ons het 'n brief aan die werkgewer geskryf en gevra dat sy weer aangestel moet word op dieselfde bepalings en voorwaardes. Die saakwerker, organiseerder en die R44-ampsdraer het die werkgewer se konsultant hierna onmoet en Lorraine is op 4 April weer in die kelder aangestel.

Werkers van Vorentoe is almal op 22 Februarie huis toe gestuur, omdat niemand op 21 Februarie gaan werk het nie. Hulle het toe ons kantoor op 2 Maart geskakel omdat hulle teen daardie tyd nog steeds by die huis was. Die saakwerker het gevolglik die bestuurder gebel en hulle het op 7 Maart saam met die organiseerder en die werkers vergader. Ons het die werkers ingelig dat hulle ook verantwoordelikhede teenoor hul werk het. Al die werkers is dieselfde dag terug werk toe. Op 7 April het ons weer ? vergadering met die werkgewer en sy werkers gehad. Hy het hulle bedank vir hul goeie bywoning gedurende die maand. Volgens hom is daar geskiedenis gemaak.

EKONOMIESE ONTWIKKELINGS PROGRAM

AGTERGROND:

Nuwe armoederamings toon dat die armoedevlak in SA nie tussen 1996 and 2001 (WNNR 2004) beduidend verander het nie.

deur Vuyokazi Luxande

Dié wat baie arm is, het armer geword en die gaping tussen ryk en arm het vergroot. Navorsing wat namens die Vroue op Plase-projek (WFP) gedoen is, het getoon dat vaardigheidsontwikkeling, beskikbaarheid van hulpbronne en idees vir ekonomiese aktiwiteite plaaswerkers en –bewoners se dringendste behoeftes/ leemtes was.

Doelwitte / doelstellings van program:

Om voorheen benadeelde gemeenskappe te bemagtig om eienaarskap van beskikbare hulpbronne te aanvaar.

Om omgewingsbewustheid aan te wakker.

Om voedselsekuriteit in landelike gemeenskappe te bevorder.

Om die inkomste en lewensgehalte in plaaslike gemeenskappe te verhoog.

Om gemeenskappe toe te rus met behulp van leerderskapprogramme.

Doelwitte / doelstellings van verskillende projekte:

Slakprojek – Om te help om 'n depot op te rig en om deelnemers op te lei om slakke op plase in die Bolandgebeid uit te soek, met die oog op uitbreiding in die toekoms.

Afval & Afvalbestuur – Om ongewenste afval van plase en elders te gebruik om kompos te maak en sampioene te kweek.

Voedseltuine – Om gemeenskappe te help om groente te kweek om 'n inkomste te genereer. Om hulle bewus te maak van die voedingswaarde van groente, met die oog daarop om kleinboere te word.

Naaldwerkgroepe – Om die mededingendheid van KMMO's in die tekstielbedryf te verbeter en hul groei te stimuleer. Om mentors te wees en tegniese advies en bystand te gee. Om groepe en geleenthede bymekaar te bring.

Kuns & Handwerkprojek – Om toerisme op plase te bevorder met behulp van handwerk uit herwinde materiaal. Om toeriste aan te moedig om plaasgemeenskappe te besoek.

Voorsiening van opleidingsdiens – Om die volgende dienste op plase te lewer: vaardigheidsoudits; implementering van vaardigheidsplan; leerderskapprogramme (vir werkers en werkloses); ontwikkeling van opleidingsmateriaal; fasilitering van vaardigheidsmateriaal.

- Diensprojek vir indiensneming – Om werkspanne saam te stel. Om hulle as samewerkers te registreer. Om hulle toe te rus om vir billike lone en kontrakte te beding.

Wie is die begunstigdes?:

- Gestremdes, werkloses, die jeug en vroue wat op plase woon en werk.

Behoeftes van moontlike begunstigdes:

- Werkskepping
- Eie inkomste – onafhanklikheid
- Toerusting
- Mentorskap en steun
- Toegang tot finansiering om eie besigheid te begin

Samevatting

Die Diensprojek vir Indiensneming is in sy 2de bedryfsjaar. Die program sal die generering van inkomste as oorgang gebruik om in landelike gemeenskappe toerusting te gee/vaardighede te bou. Die Vroue op Plase-projek (WFP) sal bydra tot die volhoubare ontwikkeling van mense en breë ekonomiese bemagtiging bevorder deur eerder lede se eie hulpbronne te ontgin as om voortdurend van die regering afhanklik te wees.

Vir meer inligting kontak: Vuyokazi Luxande en Roseline Presence op 0218872960

BY DIE PARLEMENT

Die Volksvergadering het op 10 en 11 Oktober 2004 in die Parlement in Kaapstad plaasgevind. Die vergadering is gehou om die tien jaar na die einde van apartheid te vier. Al die Provinsies het mense soontoe gestuur om die amptenare wat verkies is, te vertel wat hulle probleme is.

deur Wendy Pekeur

Ek was een van die mense van die Wes-Kaap wat na die vergadering gestuur is. Ek kon praat oor wat mense ten opsigte van grondhervorming nodig het. Omdat ek saam met lede van Sikhula Sonke werk, kon ek vertel hoe swaar vroue kry wat op plase woon en werk.

Ek het eers gesê hoe belangrik Suid-Afrika se Grondwet is. Dit beskerm ons gelykheid en die menseregte waarvoor Suid-Afrikaners so hard geveg het.

Ek het ook oor die wette gepraat wat sedert 1994 gemaak is en wat met plaaswerkers se behoeftes te make het. Die belangrikste wette is die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg wat in 1997 en die Sektorale Vasstelling vir Plaaswerkers van 2002. Die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg moet plaaswerkers se reg om op die grond te bly, beskerm en die Sektorbepaling sê duidelik wat is aanvaarbare toestande om in te werk, en wat is nie.

Maar al bestaan hierdie wette, is vroue op plase nog baie arm. Die wette word ongelukkig so gebruik dat dit plaaswerkers seermaak, al is die wette gemaak om plaaswerkers te help. Die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg wys boere byvoorbeeld hoe om plaaswerkers volgens die Wet van grond af te sit, in plaas daarvan om te keer dat plaaswerkers afgesit word.

Daar is nou meer los en seisoenswerk en vroue doen dit. Los en seisoensplaaswerkers is die werkers in Suid-Afrika wat die minste beskerm word.

Daar word ook nog teen vroue gediskrimineer op plase en hulle werk word as minder waardevol gesien. Omdat mans nog as die broodwinners gesien word, verhuur boere huise net aan mans. Wat dit nog erger maak, is dat mans en vrouens verskillende lone kry.

Hierdie probleme bestaan nog omdat die regering nog nie maniere gekry het om toe te sien dat die wette reg toegepas word nie. Daarom moet plaaswerkers weet wat in die wette staan; hulle moet weet wat hulle regte is; hulle moet weet waar om hulp te vra as hulle sleg behandel word. Die regering moet ook hulle werk beter doen, maar as plaaswerkers weet wat hulle regte is, kan hulle help om sake reg te stel.

Die wêreld moet nou weet wat agter die bos gebeur en vroue wat op plase werk, moet praat.

GEWELD EN ALKOHOL

Geweld teen vroue is ? groot probleem en moet gedurig aangespreek word. Baie vroue dink mishandeling is net wanneer haar man, boyfriend of saamleefmaat haar slaan. Dit is egter nie so nie.

deur Cheryl Linders

Mishandeling is:

- Fisies – wanneer fisiese krag gebruik word om ? vrou seer te maak
- Verbaal – wanneer lelike woorde gebruik word om ? vrou seer te maak
- Emosioneel – wanneer ? vrou se gevoelens seergemaak word en sy verneder word
- Seksueel – wanneer seks gebruik word om ? vrou seer te maak of te verneder
- Finansieel – wanneer geld gebruik word om ? vrou seer te maak of deur nie vir haar geld te gee nie

Geweld en mishandeling gebeur baie keer saam iemand dronk word.

Wat gebeur met my liggaam as ek alkohol gebruik?

Alkohol affekteer die gedeelte van die brein wat balans reguleer, dit is hoekom mense nie reguit kan loop as hulle gedrink het nie.

Dit is ook ? dwelmmiddel wat veroorsaak dat jy minder sensitief is vir pyn en as jy vir baie lank drink, kan jou brein, senuweestelsel, spysverteringstelsel, hart en lewer permanent beskadig word.

FETALE ALKOHOLSINDROOM

Wat is Fetale Alkoholsindroom?

As ? vrou baie alkohol drink wanneer sy ? baba verwag, kan haar ongebore baba baie seerkry. Die baba sal dan aan fetale alkoholsindroom (FAS) ly. Dit beteken dat die baba nie reg ontwikkel en groei nie.

? FAS-baba:

- Groei sleg, is korter, se koppie is kleiner, weeg minder.
- Sulke kinders het veral klein oë, hulle kakebeentjies groei nie reg nie, en het ? dun bolip.
- Hulle harte is beskadig.
- Het klein gewrigte en hulle ledemate (arms en bene) lyk nie normaal nie. (Hulle kan nie goed beweeg nie en hulle vingers groei dikwels nie reg nie.)
- Groei stadig en is verstandelike agter (wissel van gemiddeld tot ernstig).
- Het leerprobleme.

Kleuters/voorskoolse kinders met FAS:

- Hulle slaap ongereeld.
- Hulle groei miskien nie in lengte en gewig soos verwag van kinders van hulle ouderdom nie.
- Hulle maak soms moeilik maats.
- Dit is vir hulle moeilik om dieselfde maatjies te hou.
- Hulle kan nie sien wie is vriend of vyand nie.
- Hulle gedra hulself voor ander mense en is moeilik om te hanteer.
- Hulle is soms ? gevaar vir hulself, want hulle verstaan nie wat die gevolge van hulle optrede is nie.
- Hulle kan dalk nie goed redeneer nie, onthou swak, en kan nie goed oordeel nie.
- Hulle kan baie manipulerend wees.

Wat moet ek doen as ek dink my baba ly aan Fetale Alkoholsindroom?

Gaan na die naaste kliniek en vertel die suster wat jy dink is verkeerd sodat die baba ondersoek kan word.

Bel die volgende nommer as jy meer wil weet: Dopstop: 883 8780

"DRANK IS SOMTYDS DIE OORSAAK VAN GROOT MOEILIKHEID"

GEWELD OP PLASE

deur Ida Jacobs

MA'S HARTSEER AGTERGELAAT

Vir lede van Sikhula Sonke in die Wellington- en Paarl-distrik was dit weer eens ? hartseer tyd, want drie moeders het kinders verloor, twee aan die begin van die jaar en een ? maand gelede. Al drie van hulle is met messe doodgesteek. Die plaasgemeenskappe wat deur die tragedie geraak is, is Majuba , Lady Loch en Die Eike.

Die ouers het baie ondersteuning van ander werkers en die bestuur nodig. Hulle word nie altyd emosioneel ondersteun nie, daarom is so belangrik dat lede mekaar ondersteun.

Nog 'n kind is deur 'n groep jong mans agtervolg, met 'n mes gesteek en vir dood agtergelaat. Hy het in die arms van sy moeder gesterf. Die plase wat geraak is, is Majuba, Landau en Die Eike. Hierdie families het die dood ontydig ervaar. Daarom is dit belangrik dat lede en ander plaaswerkers 'n begrafnispolis het en geld spaar om nog meer hartseer te vermy. Dit is baie moeilik om met jou lewe aan te gaan as so iets met jou gebeur. Lede kan gerus die organiseerder in hulle gebied skakel as hulle hulp nodig het.

Werkers wat by Sikhula Sonke wil aansluit, kan die organiseerder in die gebied kontak. Haar naam is Ida Jacobs. Bel haar by:
Werktel. : 021 887 2960
Selnommer: 084 25 06684

DISKRIMINASIE

Daar is ook nog 'n ander baie emosionele kwessie. Dit is dat daar nog steeds tussen werkers gediskrimineer word. Swart werkers op plase verdien bv. nie dieselfde as sogenaamde Kleurlinge nie. Hulle verdien ook minder geld vir dieselfde werk. Dit het tyd geword dat ons as plaaswerkers saamstaan as dit kom by werksake, maak nie saak watter ras iemand is nie.

Maatskaplike Dienste

deur Jakobus Malgas

SAKE WAT VERBAND HOU MET BESTAANSBEVEILIGING

Sekere pensioentrekkers kry nie hulle agterstallige geld nie. Ek het mnr. Otto van Maatskaplike Dienste in die Paarl gevra wat aan die gang is. Hy het het gesê ons moet ? brief daaroor skryf. Ons het toe vir hom geskryf en gevra dat hy gou moet antwoord.

Die brief aan Maatskaplike Dienste in die Paarl oor Jacoba Engelbrecht en Dinna Geland is beantwoord. Hulle het in Julie hul agterstallige geld gekry.

Katja het reeds twee maande se geld ontvang, daarom moes sy twee maande se geld terugbetaal.

Rebekka Aries moes ? brief van die werkgewer bring om te sê dat sy nie meer in diens is nie. Toe sy aansoek gedoen het, het sy nog gewerk, maar nou werk sy nie meer nie.

Daar is ook probleme met Allpay. Mense moet baie lank wag vir hulle geld by die uitbetalings, want die masjiene is aanmekaar stukkend. Hulle kom met drie masjiene, maar dan daar is net een wat werk. Dan moet mense vir ure in lang rye sit en wag vir hulle geld. Teen 12 uur word twee masjiene egter weggeneem na Jamestown.

Het jy geregistreer om in die plaaslike regeringsverkiesings te stem?

Kiesers kan nou oral in die land van Maandag tot Vrydag in kantoorure by die kantore van **Munisipale Kiesbeamptes** registreer as hulle dit nog nie gedoen het nie. Kiesers kan ook uitvind of hulle reg geregistreer het deur die OVK gratis te bel by **0800 11 8000** (van ? gewone telefoon, nie ? selfoon nie)**.**

Dit is elke inwoner van die land se verantwoordelikheid om te stem. So kan jy seker maak dat raadslede en jou politieke party jou belange beskerm. Ons moet die politici help sodat hulle kan wys dat hulle hoor wat ons sê. Hulle moet weet dat hulle ? verantwoordelikheid het as ons vir hulle stem.

JY & JOU REGTE

DIE POLISIE & JOU REGTE ONAFHANKLIKE KLAGTEDIREKTORAAT

As 'n lid van die SA Polisiediens jou verkeerd behandel, moet jy die Onafhanklike Klagtedirektoraat skakel. Dit is 'n regeringsdepartement wat ondersoek instel as mense kla dat lede van die Suid-AfrikaansePolisiediens (SAPD) en die Munisipale Polisiediens (MPD) gewelddadig is, verkeerde dinge doen, of misdadigers is. Die Direktoraat werk apart van die SAPD hierdie dinge in die Polisie goed te ondersoek. Hulle wil hê dat die Polisie reg moet werk.

Kontaknommers vir inligting:

Streekskantoor, 6de Verdieping,
Colonial Mutual-gebou
Adderlystraat 106 Kaapstad
Tel: 021480 2000
Faks: 0214260705
of Sikhula Sonke organiseerders by 021 887 2960

Regte by die Werkplek

Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie
Hierdie Kommissie is 'n onafhanklike liggaam wat help met probleme by die werk. As jy sonder rede afgedank word, kan jy na die Kommissie gaan.
Bel 086 116 1616 vir inligting

Wat moet ek doen as ek nie skoolgeld kan betaal nie?

Ouers wat nie kan bekostig om skoolgeld te betaal nie, kan die skool se beheerliggaam vra dat hulle nie hoef te betaal nie. Die ouers moet ? vorm by die skool kry wat hulle moet invul. As hulle nie die vorm kan invul nie, moet die skoolhoof die ouers help om dit te doen.

Ouers kan ook die Vroue op Plase-projek bel by tel: 021 887 2960 en met Nandi Mgijima praat.